Oefening 2015-10$\mathcal{A}$I-00006(2) Finansiële Wiskunde – Gemeng

[Waar nodig, rond af tot 2 desimale.]

(1) Banke bied die volgende moontlikhede aan:

(a) Enkelvoudige rente teen 12% pj vir 6 jaar.
(b) Enkelvoudige rente teen 1,25% per maand vir 5 jaar.
(c) Saamgestelde rente teen 9% pj vir 6 jaar, jaarliks saamgestel.
(d) Saamgestelde rente teen 10% pj vir 5 jaar, halfjaarliks saamgestel.

Watter van bogenoemde sal die beste opsie wees vir ′n belegging van R100 000?

(2) Een Britse pond kos R13,50 en een Amerikaanse dollar kos R7,24. Bereken die wisselkoers tussen die Britse pond en die Amerikaanse dollar.

(3) Ronald het agt jaar terug besluit om R30 000 vas te belê in die buiteland. Hy het dit in Brittanje belê teen ′n vaste koers (in Brittanje) van 3% pj saamgestelde rente. Toe hy dit belê het 8 jaar gelede was die wisselkoers £1 = R10,47. Hoeveel rand sal hy nou uitbetaal word indien die huidige wisselkoers £1 = R13,28 is? Dink jy dit was ′n wyse besluit om in Brittanje die geld te belê en is nou ′n goeie tyd om die geld te onttrek?